# 'N TERUGKEER NA DIE VERHALENDE GESKIEDSKRYWING

**F.A. van Jaarsveld**

**A return to narrative Historiography**

Based on pronouncements of historians such as Lawrence Stone, H.W. von der Dunk, Jörn Rüsen, Paul Veyne, and Hayden White this article indicates that a return to the narrative form in historiography is happening. This can be seen as a reaction to the abstract and unreadable new kind of history which emerged from the *Annales* and social science history schools' structural approach of analytical and quantative methods which served the public with tables, statistics, and graphics. This kind of historical writing lead to a breach between the history-loving public and the professional historians. The narrative form is now regarded as fundamental to the organization, transformation and communication of historical experience, and once more puts *man* back in the centre of a story.

Aan die hand van historici soos Lawrence Stone, H.W. von der Dunk, Jörn Rüsen, Paul Veyne en Hayden White word in hierdie artikel aangetoon dat die vertelkuns besig is om terug te keer in die geskiedwetenskap. Dit is 'n reaksie teen die abstrakte en onleesbare nuwe soort geskiedenis soos dit voortgekom het uit die Annaleskool in die histories-sosiale wetenskap se strukturalistiese geskiedenis, wat van analities-kwantitatiewe metodes gebruik maak en die publiek bedien met tabelle, statistieke en grafieke. Dit het tot 'n breuk gelei tussen die werk van die geskiedenisliefhebbende publiek en die professionele historici. Die verhalende vorm word as grondliggend beskou vir die organisasie, transformasie en kommunikasie van historiese ervaring wat die *mens* in die verhaal terugplaas.

"Die ou, vervelige, oppervlakkige en kunsmatige politieke geskiedenis dreig om weer terug te keer",[1] aldus Jacques le Goff van die Annaleskool in 1989. Hy het opgemerk dat daar in die jongste tyd sprake is van 'n "terugkeer tot die vertelling, gebeurtenisse en die politieke geskiedenis". Dit sê hy, moet verhinder word, maar hy gee toe dat 'n "nuwe geskiedenis van die politiek in die lewe geroep moet word wat meer is as net 'n politieke geskiedenis wat liewer aan die politici oorgelaat moet word: dit moet eerder die geskiedenis van *mag* wees, naamlik 'n histories-politieke antropologie. So kan dan, aldus Le Goff, op nuwe grondslae uitgestorwe historiese genres soos byvoorbeeld die biografie wat eens op 'n tyd in die mode was, weer tot herlewing gebring word.

Reeds in 1976 het Thomas Nipperdey 'n "antropologiese dimensie" in die geskiedwetenskap bepleit[2] en in 1990 gestalte daaraan gegee in sy magistrale *Deutsche Geschichte Band I, Arbeitswelt und Bürgergeist*[3], wat (in teëstelling met Hans-Ulrich Wehler se *Deutsche Gesellschaftsgeschichte*, wat as voortvloeisel van sy "histories-sosiale wetenskap" moeilik lees) in 'n sprankelende tipiese Nipperdey-vertelstyl aangebied is - 'n boek wat wye aanklank gevind het, juis vanweë die verhalende benadering daarin, en dus die leesbaarheid daarvan.

Sowel die soort geskiedenis wat deur die Franse Annaleskool en die Duitse historiese sosiale wetenskapskool voortgebring is, is deur onleesbaarheid gekenmerk - strukture en bo-indiwiduele prosesse - wat nie by die lesende publiek aanklank gevind het en kon vind nie. Deur die sogenaamde "verwetenskapliking" van die geskiedenis het die *mens* daaruit verdwyn, en is die aandag gevra vir onpersoonlike en abstrakte ekonomiese en sosiale kragte wat sy lewe onbewustelik

1. Pierre Nora (red.), *Leben mit der Geschichte - Pierre Chaunu, Georges Duby, Jacques Le Goff, Michelle Perrot* (Frankfurt a/M, 1990), p. 173. Oor 'n terugkeer van die politieke geskiedenis word in 'n opvolgvoordrag behandel.
2. Thomas Nipperdey, *Gesellschaft, Kultur, Theorie* (Göttingen, 1976), pp. 33-58.
3. München, 1990, 885 pp.

bepaal. Tabelle, statistieke en grafieke het in die tekste verskyn wat tot genoemde onleesbaarheid, en dus tot 'n breuk tussen die histories-geïnteresseerde publiek en die professionele historici aanleiding gegee het. Dit geld ook die hedendaagse droë analitiese bewysvoerings, die prosa van tegniese jargon en 'n masjiengerigte statistiese benadering. Die strukturalistiese, analitiese en kwantifiserende historici het mettertyd ontdek dat hulle net met hulleself en onder mekaar 'n gesprek voer en met niemand anders nie. Die resultate van hulle navorsing het hul weg na vaktydskrifte en monografieë gevind, wat weens die geringe oplaag so duur was dat prakties slegs biblioteke dit aangekoop het. Le Roy Ladurie se voorspelling in 1968 dat die historikus in die tagtigerjare òf 'n programmeerder, òf anders niks sal wees nie, is nie bewaarheid nie; trouens hy het self teruggekeer na vertelling wat die gewildheid van sy latere boeke soos byvoorbeeld *Montaillou* onderstreep.

Die vraag is waarom die ontgogeling met die "nuwe" soort geskiedenis wat sedert die laaste derde van die 20ste eeu opgang gemaak het? In sy "Die Rückkehr der Erzahlkunst" gee Lawrence Stone 'n aantal verklarings[4]. Dit is bekend dat die Franse Annaleskool as neo-Positivisme vanaf die begin van die 20ste eeu in reaksie gekom het teen Ranke se model van wetenskaplike geskiedskrywing en, in die lig van die eksakte natuurwetenskaplike en sosiaal wetenskaplike metodes (sosiologie), die geskiedwetenskap meer "wetenskaplik" wou maak. Dit wou hulle bereik deur op herhalende konstantes, tipologiese verskynsels, sirkelgangvormige ekonomiese konjunkture, seisoensbewegings en herhalende siklusse te wys. Dit het die verhalende geskiedskrywing egter gedegradeer tot 'n oppervlakkige tipe "gebeurtenisgeskiedenis", wat met eenmalige indiwidualiteite volgens die tradisionele verhalende verstaanmetode van die Hermeneutiek handel, en dus byvoorbaat "onwetenskaplik" is.

Die oorsaak van die verwydering tussen die vakwetenskaplike "nuwe"historici en die lesende publiek, wat historiese belangstelling het, lê in die sogenaamde "professionalisme", die drang van die Franse historici e.a. om die vak uiteindelik tot 'n "volwaardige wetenskap" te verhef na analogie van genoemde eksakte wetenskappe wat onbetwyfelbare objektiewe kennis moet lewer, bestand teen die tand van die tyd. Dit het vereis dat die historikus ook persoonlik afstand tot sy werk moet behou.

Die wydverbreide ontgogeling is geleë in die ekonomies-deterministiese model van die "nuwe" historiese verklaringsideaal, die monokousale ekonomiese of demografiese determinisme en kwantifisering, wat kollektivistiese strukturele en statistiese kennis moet waarborg. Dit moes openbaar wat die mens onbewus gedra en bepaal het, maar dit het niks geopenbaar van wat in die koppe van die mense self plaasgevind het, hoe hulle gelewe en gedink en persoonlike of kollektiewe beslissings geneem het nie.

Spesifieke vrae het daartoe gelei dat die "nuwe" soort geskiedskrywing in die keurslyf van die teorie gepers is en dat navorsingsresultate daarvolgens gefatsoeneer is. Die historikus van die Annaleskool en die historiese sosiale wetenskap het van 'n portrettis in 'n historiese X-straaldeskundige verander, gerig tot mede-X-straaldeskundiges, wat tot 'n verwydering met die belangstellende publiek gelei het, òmdat hulle nie in die verborge menslike geraamtes of senuweeknope belang gestel het nie, maar veel eerder in die *beeld* van die verlede, aldus H.W. von der Dunk in sy uittreerede van 1990: "De onblusbare behoefte aan het verhaal"[5].

'n Mens moet onthou dat geskiedenis vanaf die begin *vertel* is - om maar net aan Thucydides, Herodotos, Gibbon, Macaulay en Ranke te dink. In die Klassieke Tyd is geskiedenis om dié rede onder die Retoriek tuisgebring. Dit was eers heel onlangs dat geskiedenisvertelling deur die avant-garde van die historiese beroepstand van die "nuwe" soort geskiedenis wat op die kruin van die neopositivistiese golfstroom gery het, in diskrediet gebring en as "gebeurtenisgeskiedenis" gestigmatiseer is. Ironies dat in die jongste tyd talle van die leidende "nuwe" historici in een of ander vorm tot die vertellingstegniek teruggekeer het. Dit was 'n reaksie op die verwydering tussen die professionele historici en na 'n leesbare geskiedskrywingverlangende pu-

4. In Ulrich Raulff (red.), *Vom Umschreiben der Geschichte, neue historische Perspektiven* (Berlyn, 1986), pp. 88-102.

*NRC-Handelsblad,* 8-11-1990, p. 8.

bliek. Geskiedenis in die vorm van 'n *verhaal,* dus as 'n literêre aangeleentheid, het sedert die jare sewentig weer in die belangstelling gekom. Dit was in teëstelling met 'n aan die eksakte wetenskappeverwante verslaggewing van ondersoekresultate na aanleiding van besondere hipoteses en teorieë, wat van die sosiale wetenskappe afkomstig is.

Daar het 'n hele teoretiese rigting ontstaan wat hom met die verhouding tussen die teorie en die verhalende vorm van geskiedskrywing besighou, om byvoorbeeld te dink aan *Theorie und Erzählung in der Geschichte* van 1979[6]. Dat geskiedenis in die vorm van vertelling moet geskied, was baie lank die vanselfsprekende oortuiging van wetenskaplike historici én van die lesende publiek. Die vraag was of 'n mens die analise van die strukture van die industriële ekonomie en die mentaliteit van breë, anonieme bevolkingsgroepe in wetenskaplike kennis kan "vertel". Watter aandeel behoort aan die "verklaring" in die daarstelling van historiese gebeurtenisse en die verloop van toestande volgens teorieë toegeken te word? Die geskiedwetenskap het hier voor probleme te staan gekom soos byvoorbeeld blyk uit die Duitse "histories-sosiale wetenskap". Dit gaan hier om sowel die *aard* van die navorsing as die moontlikheid van die daarstellingsvorm van die ondersoekresultate. Hoe ingewikkelder die navorsingsobjek en hoe gedifferensieerder die navorsing, des te moeiliker die oordraging van kennis in een of ander vorm, wat die verhouding van die geskiedwetenskap tot die lesende publiek regstreeks raak.

In bogenoemde boek vind ons 'n bydrae van Golo Mann, naamlik "Plädoyer für die historische Erzählung"[7], waarin hy hom op die standpunt stel van "daar was eendag ..." en dat hy nie glo aan 'n teoretiese behoefte in die geskiedwetenskap nie: "Die geskiedenis is 'n kuns", sê hy, "wat op kennis berus, niks anders nie". Dit het heftige reaksie uitgelok van die kant van die teoretiesgerigte Hans-Ulrich Wehler wat deur sy geloof aan bo-indiwiduele, onpersoonlike en abstrakte kragte soos dit te voorskyn kom in historiese samelewingstrukture en prosesse, teorieë uit die sosiale wetenskappe op die geskiedenis toegepas en uitgetoets het. Dit blyk onder meer uit sy *Bismarck und der Imperialismus* en sy *Deutsche Gesellschaftsgeschichte.* Golo Mann was egter oortuig dat selfs Fernand Braudel se beroemde boek oor die Middellandse See met sy gedifferensieerde tydsindeling van indiwiduele, sosiale en geografiese tyd, én deur sy strukturele analise niks anders aanbied nie as 'n wesenlike verryking van die beginsel van historiese *vertelling,* wat geensins die oorwinning daarop of vervanging daarvan beteken nie[8].

Wehler self, die groot voorstander in Duitsland van die "kritiese" histories-sosiale wetenskap wat oortuig is dat die moderne historikus veel meer van Karl Marx as van Ranke kan leer, het hom vanaf die begin verset teen die opkoms en welslae van die nuwe stroming in die Duitse sosiale geskiedskrywing, naamlik die "Alltagsgeschichte" of mikrogeskiedenis wat in historiese werkswinkels toegepas word en op neo-hermeneutiese metodekonsepte berus[9]. Die nuwe rigting het gebreek met die teoreties-abstrakte histories-sosiaalwetenskaplike rigting in die moderne Duitse geskiedwetenskap, juis vanweë die onleesbaarheid daarvan, en het tot die verhalende vorm van geskiedskrywing teruggekeer. In *Zeit und Sinn* erken Jörn Rüsen dat die historiese *vertelling* as vorm van daarstelling belangrik is en nie genegeer kan word nie. Dit gaan hier om sy opstel oor "Die vier Typen des historischen Erzählens"[10], nl. die tradisionele, eksemplariese, kritiese en genetiese vertelling, waarop nie verder ingegaan kan word nie, behalwe om te vermeld dat dié vier vorme van vertelling in die geskiedwetenskap dikwels vermeng word, en dat die een soms bó die ander voorrang geniet, afhangende van die tema en tydsomstandighede.

In sy onlangse *Geschichtsschreibung und was sie nicht is*[11], sê Paul Veyne, 'n gerespekteerde Franse geskiedskrywer, dat die doel van die geskiedskrywing niks an-

---

6. Jürgen Kocka en Thomas Nipperdey (reds.), *Theorie der Geschichte, Beiträge zur Historik,* Band 3 (München, 1979).
7. *Ibid,* pp. 40-56 en 61-64.
8. *Ibid,* p. 55.
9. Hans-Ulrich Wehler, *Aus der Geschichte lernen?* (München, 1988), pp. 15-17 en 30-31.
10 Jörn Rüsen, *Zeit und Sinn* (Frankfurt a/M, 1990), pp. 153-230.
11. Paul Veyne, *Geschichtsschreibung und was sie nicht ist* (Frankfurt a/M, 1990).

ders is nie as 'n "waarheidsgetroue vertelling". Vir hom staan die begrip *vertelling* of *verhaal* in die sentrum van die historiese wetenskap. Geskiedenis is vir hom soos 'n "ware" roman. Soos die Amerikaanse filosofiese teoretikus van die historiese vertelling, Hayden White, in sy *Die Bedeutung der Form*[12] en in sy ouer werk, *Meta-History*, aanvoer,[13] is die vertelling of "verhaal" die sentrale vorm van historiese sinvorming en die historiese verstaan. Terwyl Veyne die vertelling sien as in die alledaagse lewe veranker waarin die geskiedenis homself afspeel, verlê White as formalis die vertelvorme na die subjektiewe sfeer wat die vertelde met sin *voorsien* en aan die vorm onafhanklik van die inhoud "betekenis" verskaf, met ander woorde, sin word nie vanuit die verlede self uitgelê nie, maar deur die historikus aan die vormlose massa feite opgedring. Dit maak van die historikus eerder 'n kunstenaar as 'n wetenskaplike wat sy stof nie vrylik kan kies nie, maar wel vry is in die keuse van die *vorm* wat hy daaraan wil gee.

Paul Veyne verskil hierin van White. Hy grens die geskiedwetenskap af van die wettesoekende wetenskappe wat "algemene" reëlmatighede navors. Terwyl die geskiedwetenskap wette en teorieë as geleentheidsverklaringe benut, kan dit in sy geheel "geen wetenskap" wees nie, want alles wat was, is vir die geskiedenis van waarde. Vir Veyne bestaan daar wette *in* die geskiedenis, maar geen wette *van* die geskiedenis nie. Komplekse historiese samehange is nie wetenskaplik te verklaar nie, maar slegs *vertellend* te verstaan. Die vertelling of verhaal is vir Veyne die *vorm* waarin die historikus historiese gebeurtenisse in hul toevalligheid, eenmaligheid en eiedomlikheid begryplik maak. Eers in hul samehang verkry feite betekenis, en eers in die *vertelling* of verhaalvorm word die feite verstaan. Vir Veyne is elke gebeurtenis histories herinneringswaardig. Kennis is nie soos Nietzsche in sy *Vom Nutzen und Nachteil der Historie für das Leben* dit wou hê, om te gebruik nie, maar dit staan as lewensuitinge daar. Eers wanneer geskiedenis volgens Veyne só sterk staan, kan dit nie misbruik word nie. Eers wanneer kennis werklik vry daargestel word, kan dit vir vrye mense van diens wees. Dit herinner ons aan die standpunt van Jacob Burckhardt, die bekende kultuurhistorikus[14].

Interessant dat Karlheinz Stierle in 1979 in 'n voordrag, "Erfahrung und narrative Form, Bemerkungen zu ihrem Zuzammenhang in Fiktion und Historiographie"[15] gewag gemaak het van die "krisis" in die historiese vertelling, wat tegelyk ook 'n krisis in die vorming van ervaring is. Dit raak sowel die verhalende literatuur as die huidige tipe geskiedskrywing. Die verhalende vorm is volgens Stierle grondliggend vir die organisasie, transformasie en kommunikasie van ervaring. 'n Wesenlike deel van die verlede-ervaring is 'n verhalendgebonde ervaring. Die verhalende struktuur van die geskiedenis verbind die begin en einde van 'n verhaal, nie as net bloot 'n faktiese verloop nie, maar ook as 'n konsepsuele gestalte. Die wêreld van die geskiedenis is 'n wêreld van handelinge wat feite- en gebeurtenissamehange in die "verstaan" deur 'n verhalende vorm waarborg. Teenoor die geskiedenis wat na die waarheid strewe en aan werklikhede gebonde behoort te wees, staan die roman, novelle, vertellinge, fabels en fiktiewe vorme van die vertelling, waarop nie verder ingegaan hoef te word nie. Genoeg om daarop te wys dat Stierle bevind het dat die binding van die historiese kennis aan 'n verhalende ervaringsamehang, altyd nuwe eise aan die historikus stel. Die geskiedenis as onderdeel van die historiografie is tegelyk 'n verhalende eenheid en 'n veelvoudigheid van verhalende elemente wat hulle altyd weer opnuut laat organiseer of herorganiseer.

Die literêr-verhalende element in die geskiedskrywing word vandag nie meer as 'n onwetenskaplike of verouderde afwyking beskou nie, maar veel eerder as behorende tot die wese van die geskiedskrywing. Tans word weer aangesluit by die eeu-oue tradisie van vertelling wat deur Lawrence Stone as 'n "nuwe ou geskiedskrywing" gekarakteriseer word. Dit beteken 'n terugkeer tot die esteties-literêre vormgewing van die verlede, 'n vorm waarin sowel Ranke as Huizinga hul verlede-voorstellings aangebied het. Nie sonder rede nie het Goethe aanbeveel: "Das alte Wahre, fass es an!", wat beteken "gryp terug na die ou waarheid, en hou daaraan vas".

---

12. Hayden White, *Die Bedeutung der Form* (Frankfurt a/M, 1990).
13. Baltimor, 1973.
14. Gustav Seibt, 'Jacob Burckhards später Sieg', *Frankfurter Allgemeine Zeitung*, 2-10-1990, p. L31.
15. Jürgen Kocka en Thomas Nipperdey, *op. cit.*, pp. 85-118.

H.W. von der Dunk het daarop gewys dat dit 'n fout is om onderskeid tussen geskiedenisnavorsing en geskiedskrywing te tref, asof die navorser met "suiwer wetenskap" te doen het en die opsteller van die navorsingsuitkoms met fiksie, m.a.w. gedwonge is om met 'n literêre, dus taalkundige vormgewing te werk. So 'n teëstelling sê hy is as onhoudbaar ontmasker. Dit berus op 'n oppervlakkige voorstelling van die wetenskap en die literatuur, geskiedskrywing en geskiedenisnavorsing. Elke historiese werksaamheid of ook teorievorming gaan uit van 'n min of meer samehangende beeld, wat slegs deur 'n omsetting in taal 'n *verhalende* oorlewering kan voortbring. Die historikus se voorstellinge is slegs moontlik danksy beskrywing, dat ons mense van vlees en bloed in die verlede kan laat aanskou. Die strukturalis wil die beskrywing ontmantel om sodoende die menslike geraamte daaronder tevoorskyn te kan bring.

Die *verhalende* element is dié kenmerk van die geskiedwetenskap genoem, die *enigste* konstituerende *vorm,* die organisasiebeginsel - juis omdat dit, aldus Von der Dunk, nie net één metode, één verklaringsmodel en één konkrete doelstelling ken, en kan ken nie. Al die pogings van neo-positivistiese, Marxistiese of logistiese kant om die historiese bedryf aan één so 'n teorie of metode te onderwerp, het 'n fiasko geblyk te wees. Waar dit toegepas of verorden is, het dit tot 'n "amputasie" van die vak gelei en nuwe perspektiewe geblokkeer. Soos Stierle dit stel, die triomfantlike terugkeer van die literêre historikus hang saam met die herstel van die verhaal in die moderne literatuur. Dit is 'n bewys van die onverbreeklike verwantskap met die geskiedskrywing wat ook in beskrywende taal aangebied word.

Geskiedskrywing en literatuur is volgens Von der Dunk tweelinge. Die voorstelling van die verlede is die produk van in taal omgesette gebeurtenissamehange, dit is 'n *verhaal* wat steeds vanuit 'n nuwe situasie, opnuut vertel word. Dit word voortdurend deur 'n nuwe geslag aan tydgenote vertel, omdat hulle gesamentlik gemeenskaplike historiese ervaringe binne 'n gemeenskaplike kennis- en waardehorison met mekaar deel. Die seggingskrag van 'n historiese beskrywing bly afhanklik van literêre middele. Daar bestaan 'n wisselwerking tussen dié middele en die intensiteit waarmee die historikus sy stof met sy eie denk- en belewingswêreld deurdring. 'n Mens dink hier aan wat die groot geskiedenisvertellers van die verlede gemaak het tot wat hulle is. Dit lê nie in hul suiwer ambagtelike benadering soos in die geval van Ranke of Huizinga nie, maar in die *ruimte* wat hulle rondom die direkte, feitlike ontwerp geskep het. Historiese beeldvorming styg dus by die groot historici altyd vér uit bó die uit die bronne ontslote gebeurtenisse en handelinge.

Dit is interessant om op te merk dat Febvre en Braudel nie die hermeneutiese verstaan van die geskiedenis heeltemal verwerp het nie, maar dat hulle eerder 'n sintese tussen die strukturele en analitiese, en dus die begrypende geskiedskrywing probeer bewerkstellig het. Die kwantifiserende metode het nie aan al hul verwagtinge voldoen nie, en ook nie aan die verwagtinge van 'n "meer wetenskaplike" geskiedskrywing nie. Lawrence Stone het beweer dat die makro-ekonomiese model 'n illusie en die "nuwe" soort "wetenskaplike" geskiedskrywing 'n mite is. Monokousale verklarings het hulleself as niksseggend bewys. Wat wel 'n verandering in die houding van talle Annaleskoolhistorici gebring het, was die vervanging van hul verbintenis met die sosiologie en die ekonomie deur die etnologie of antropologie. Dit was die eerste aanleiding vir die heroplewing van die vertelkuns.

Deur die historiese antropologie is die geskiedwetenskap verbind aan menslike vraagstellinge, oor die liefde, huwelik, geboorte en dood, die arbeid, vryetyd, angs, jeug en ouderdom en dies meer. Ook is dit verbind aan die massas gewone mense en nie die elites nie, aan *groeps*gedrag en *mikro*temas, en aan die studie van mentaliteite wat tot 'n terugkeer tot die ou tegnieke van die tradisionele geskiedskrywing gelei het. 'n Mens dink hier aan Le Roy, Ladurie, Philippe Aries, Norbert Elias, Georges Duby, Carlo Ginsburg en ander, wat vanweë die aard van die "nuwe" soort temas, nie anders kon nie as om terug te keer tot die *vertelling* van die geskiedenis. Dit was 'n voorwaarde vir byvoorbeeld die welslae en veelgelesenheid van Le Roy Ladurie se *Montaillou* en Ginsburg se boek oor *The cheese and the worms*. In die nuwe tipe geskiedenis sou 'n mens kan praat van die skool van die vlooie teenoor die skool van die rotte. In dié verandering het Clifford Geertz se boek oor *Thick description* seer seker 'n rol gespeel.

Die feit bly staan dat daar tans van 'n onmiskenbare terugkeer tot die historiese *vertelling* sprake is, wat nie beteken dat die Annale-tipe-geskiedenis skielik nie meer bestaan nie. Dit was die geval ook aan die begin van die 20ste eeu met die Amerikaanse "New History" wat hom verset het teen die tradisionele Ranke-model van politieke geskiedskrywing. Parallel daarmee het laasgenoemde soort geskiedenisbeoefening bly voortbestaan totdat die storm van die "New History" hom teen ongeveer 1935 uitgewoed het. In 1980 het Theodor Schieder, wat toe die redakteur van die *Historische Zeitschrift* was, my in Keulen meegedeel dat die "nuwe" tipe strukturele, prosessuele- en analitiese geskiedskrywing 'n modeverskynsel is wat mettertyd sal verswak ten gunste van 'n terugkeer van die verhalende en politieke geskiedskrywing.

Die terugkeer tot die verhalende geskiedskrywing in ons tyd, voer ons gedagtes terug na die 19de eeuse meester van die verhalende geskiedskrywing, Ranke. In 1988 het die boek *Leopold von Ranke und die moderne Geschichtsschreibung* verskyn waarvan Wolfgang J. Mommsen as redakteur opgetree het[16]. Daarin is bevind dat, nieteenstaande die aansprake van die "nuwe" soort geskiedwetenskap, Ranke se kritiese bronne-analise en strewe na objektiwiteit die historiografie "tot vandag toe" op sy tone gehou het. Thomas Nipperdey wie se opstel "Kann Geschichte objektiv sein?", wat hy in 1977 as voordrag aan die Universiteit van Pretoria gehou het[17], is daarin opgeneem. Daarin het hy met reg beweer dat Ranke se teorie van objektiwiteit steeds nog "'n sterk" teorie is - nieteenstaande die postreligieuse tyd daarna. Die Marxisties-Leninistiese konsepsie van die geskiedenis, met sy eis van "parsiële objektiwiteit" of partydigheid ten gunste van die standpunt van die werkersklas, is 'n tipe rewolusionêr-kritiese stand van sake, wat ons vandag aan ons lywe in Suid-Afrika voel. Dit word deur skrywers in bogemelde boek as eensydig en geïdeologiseerd verwerp.

Ranke wie se boeke tot vandag toe nog herdruk word juis vanweë die objektiwiteit van sy geskiedskrywing word in die boek aangeprys. Die rede is dat hy geskiedenis nie eensydig of in 'n hegemoniale wyse probeer verstaan het nie, maar veel eerder pluralisties, dit is, sy objektiwiteit het nie net sy wyse van kyk op die verlede permanent waardevol vir ons gemaak nie, maar dui ook op goeie advies vir die historikus wanneer hy na die verlede kyk. Ranke het die toets van die tyd met vlieënde vaandels deurstaan - naamlik deur sy beroep op objektiwiteit, kritiese bronnenavorsing en sy literêre meesterskap. Dit berus op sy verhalende vormgewing aan die verlede en sy vertellende metode wat tot vandag toe nog voortleef en nou nog van sy meesterskap getuig. Al was daar reaksie in Duitsland, die V.S.A. en Frankryk teen sy model van wetenskaplike geskiedskrywing, beteken dit nie dat dit dood en begrawe is nie.

In ons tyd het Ranke se verhalende beginsels tot heropstanding gekom. Dit beteken dat die eise wat die "nuwe" soort geskiedskrywing aan ons wetenskapsbeoefening stel, ons as historici en studente nie nie-modern of outyds in die huidige wêreld van die geskiedwetenskap hoef te laat voel nie, op voorwaarde egter dat ons die begrip "politiek" in 'n breër verband sien en behandel as wat dit die geval in die tyd van Ranke was.

---

16. Stuttgart, 1988, 280 pp.
17. Opgeneem in 1986 in sy *Nachdenken über die deutsche Geschichte* (München, 1986), pp 218-234.